

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 41: Pinchas – Pingas

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra'el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10 en 11 – PWL¹

Torah : Num. 25:10 tot 30:1

Haftorah: 1 Kon. 18:46 tot 19:21.

Nuwe Verbond: 2 Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12 tot 22; Matth. 5:5 en Open. 5:10; Gal. 3:28; 1 Tim. 3:2 tot 7; 5:22; Rom. 12:1

Vorige jare se notas vir Parashah 41 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

If you don't appreciate what you have, how will you appreciate anything else that you will receive? – Anonymous.

Not everything that counts can be counted, and not everything that can be counted counts. – Albert Einstein.

A talmid, or disciple, is not a person who wishes to know what the teacher knows. Rather, a true talmid is a person who wants to be what the teacher is, and do what the teacher does.

Yeshua was obedient to Torah every moment of His life, not because He had to be, but because he chose to be. As talmidim of Yeshua, we should strive to live our lives the way He lived His life, not because we have to, but because we choose to – because that should be the desire of our hearts. – Hutch Church.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In die vorige Torahskriflesing het ons ondermeer geleer van koning Balak, asook van die profeet Bil'am en van sy donkie wat met hom kon praat. Indien ons Bil'am meet aan die definisie van 'n ware profeet volgens die Skrifte, dan is hy 'n vals profeet! 'n Ware profeet word deur יהוה aangestel en is daarom יהוה se afgevaardigde met 'n profetiese woord aan God se volk. 'n Ware profeet bring die boodskap wat in יהוה se hart is sonder om dit te bevraagteken of om, soos Bileam voorkeur aan sy eie begeertes te wil gee! Bil'am se hardkoppigheid was ook 'n vorm van rebellie teen God!

Toe Bil'am nie sy sin kon kry om Yisra'el te vervloek nie, soos wat Balak hom gevra het, het hy aan hom die raad gegee dat die dogters van Mo'av met die seuns van Yisra'el moet meng en hulle na hulle afgodsfeeste nooi soos bevestig word deur die brief aan die gemeente van Pergamos in Open. 2:14.

maar Ek het sekere dinge teen jou: dat jy mense daar het wat vashou aan die leer van Bil'am, wat vir Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Yisra'el te gooi, om offers aan afgode te eet en om seksueel immoreel te wees.

Daarom beteken Bileam *die vernietiger van mense*, want hy was die oorsaak dat Yisra'el met afgodery besoedel geraak het! Yisra'el was dus skuldig aan sinkretisme, naamlik die vermenging van יהוה se Torah – die instruksies hoe om in die regte verhouding met God te lewe – met afgodery. Hierdie is 'n gruwel in God se oë wat optrede van oordeel en straf regverdig.

In hierdie week se Torahstudie leer ons van die ywer en jaloesie van Pingas wat vir ons 'n sinnebeeld is van die ywer en jaloesie wat ons elkeen ook behoort te hê, want dit is die ywer vir יהוה ons Vader-God en vir Sy onpartydige opregtheid. Pingas het met יהוה se jaloesie onder Yisra'el opgetree.

Die Moed En Oortuiging Van 'n Pingas!

Ons lees in Rom 14:17 dat die Koninkryk van God onpartydige opregtheid en shalom is, naamlik vrede, gesondheid, voorspoed, vergenoegdheid en vreugde in die Gees wat Afgesonderd is.

Maar waar sonde heers, sal יהוה se shalom afwesig wees en vervang word met 'n 'plaag' wat eerstens die geestelike dood, en uiteindelik die ewige dood, van elkeen wat Yeshua as dié Gesalfde Een verwerp en nie יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, onderhou nie! Daarom het Pingas doelgerig opgetree om die sonde, naamlik die oortreding van Torah, uit te roei sodat יהוה se shalom tot die kamp kan terugkeer!

Let wel: Pingas het deur sy optrede die plaag onder Yisra'el gestop (Num. 25:7-8)!!

⁷ Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat,

⁸ agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop.

Daarom: Studentevolgelinge van Yeshua kan nooit passief teenoor sonde wees nie. Nee, dit vereis dat ons die sonde aan die lig sal bring en ‘n daadwerklike poging sal aanwend om dit stop te sit! Ons kan nie bekostig om niks te doen of te sê nie, naamlik passief te wees nie. Nee, as ware studentevolgelinge van ons Meester moet ons nooit passief wees wanneer ons met sonde, naamlik met die oortreding van Torah, gekonfronteer word nie. Dan word daar van ons vereis om op te tree!

Ons het die verantwoordelikheid om nie net pro-aktief aan יהוה se Koninkryk te help bou nie, maar waar nodig dit ook pro-aktief te help verdedig. Dit behels ondermeer om aktief betrokke te wees by die onderskeid tussen rein en onrein en tussen afgesonderd en nie afgesonderd, asook om Torahongehoorsaamheid aan die lig te bring en dit te beveg. Om in sulke situasies pasief te wees, is om te abdikeer as koninklike priesterdom van יהוה. Dit is om ons Malki-Tzedek priesterlike roeping en plig te versuim!

Pingas was bereid om sy eie lewe op die spel te plaas ter verdediging van יהוה se onpartydige opregtheid. Maar hy het dit nie in sy eie belang gedoen nie!! Nee, hy het opgetree met die jaloesie (ywer) van יהוה!

Ja, ons moet optree teen sonde, al is ons nie direk deel daarvan nie! ‘n Ek-wil-nie-betrokke-raak-houding en ‘n ek-sal-nie-oordeel-houding is die bewys van geestelike ruggraatloosheid!

Meestal is ons magteloos om die sonde stop te sit, maar dan moet ons seker maak dat ons geen deel daaraan het nie en ons optrede moet dit openlik bevestig. Dit is dan ‘n geval van: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaes ontvang nie” (Open. 18:4. Verwys ook 2Kor. 6:17, asook Num. 16:26-27).

The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer.

Het jy en ek die moed en oortuiging van ‘n Pingas of beoefen ons ‘n “rusbankgeloof”?

Ons leef in tye waar diegene wat openlik standpunt teen sonde volgens יהוה-God se definisie inneem, toenemend gevaar loop om deur landswette aangekla en gevonnissen te word! Om openlik standpunt teen sonde in te neem is dus deesdae ‘n uitdaging waarvoor weinig geestelike leiers en gelowiges kans sien. Terwille van sogenaamde vrede en eie veiligheid, wat hoofsaaklik deur vrees gedryf word, asook vrees vir verwerping deur geliefdes en vriende, sal talle stilswywend toekyk hoe die koninkryk van duisternis toenemend die houvas op ons samelewing kry.

Pingas het ‘n groot risiko geneem deur die ‘wet in eie hande te neem’. Hy het nie Moshe of die leierskap gevra nie, maar die uittartende Torahloosheid van Zimri, die seun van Salu, ‘n owerste van die familie van die stam van Shi’mon, het Pingas as te ware tot hierdie gewelddadige optrede gedwing. En onthou: Pingas het deur een enkele optrede die plaag onder Yisra’el gestop (Num. 25:7-8)!!

Ons moet ingesteld wees om pro-aktief teen sonde op te tree, naamlik voorkomend en as ‘n Malki-Tzedek koninklike priesterdom wat sonder huiwering bereid is om die sondeplaag (Torahloosheid) te stop, of minstens openlik standpunt daarteen in te neem. Indien ons dit nie doen nie, sal ons nie יהוה se shalom deelagtig wees nie. En sonder יהוה se shalom sal ons nie ons Vader se beskerming, beveiliging en geborgenheid ondervind nie! Waar sonde heers, sal יהוה se vrede afwesig wees!

Peace can only be maintained when we are at peace with God. Pinchas restored that Peace. What Pinchas did may not have been peaceful, but it restored Peace. – Rabbi Shimshon Raphael Hirsch.

Het jy die moed en oortuiging van 'n Pingas om met dieselfde ywer – die jaloesie van jou Vader-God – op te tree? En onthou:

We are more endangered by the charms of a smiling world than by the terrors of a frowning world. – Anonymous.

Bepeins of Bespreek

1. *Losing my life does not scare me! However, wasting my life does scare me!* (Anonymous). Is 'n passiewe koninklike priester nie 'n vermorsing van tyd en van geleentheid nie? Talle Moslems is bereid om te sterf vir wat hulle glo, terwyl die meerderheid Christene nie bereid is om te lewe vir wat hulle glo nie! Moslems is bereid om vir die leuen te sterf en Christene is te bang om proaktief vir die waarheid te leef, en nog minder daarvoor te sterf! *Are there not millions of us who would rather go sleeping to hell; than sweating to heaven?* – Thomas Watson.
2. *There are three types of people: Those who make things happen, those who watch things happen ... and those who ask, "What happened?"* Pingas het dinge maak gebeur! Deel van watter groep is jy? Wat het jy onlangs gedoen waar jy met die jaloesie (ywer) van יהוה met jaloersheid opgetree het? Was daar dinge (vrees, eie belange, swak selfbeeld, verwerping, ens.) wat jou weerhou het om soos 'n Pingas op te tree? *If we are to better the future we must disturb the present* – Catherine Booth.

Die Daaglikse Brandoffers

In Num 28:2-6 lees ons van die daaglikse brandoffers wat gebring moet word toe יהוה vir Moses gesê het:

2 “Beveel die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Julle moet versigtig wees om My offers, My kos vir My offers, wat deur vuur gebring word, as 'n aangename geur vir My, op die vasgestelde tye vir My te bring’.

3 Jy moet vir hulle sê: ‘Dit is die offer deur vuur wat julle aan יהוה moet bring: twee lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek, dag na dag, as 'n voortdurende brandoffer.

4 Die een lam moet jy met dagbreek offer en die ander lam moet jy teen sonder offer;

5 met 'n tiende van 'n efa fyn meel as graanoffer, gemeng met 'n kwart hin uitgestampte olie.

6 Dit is die voortdurende brandoffer wat by die berg Sinai ingestel is as 'n aangename geur, 'n offer, deur vuur, aan יהוה gebring.

Hierdie brandoffer van 'n een jaaroud lam, tesame met die gepaste spysoffer, moes daaglik teen dagbreek en teen sonder namens die hele Yisra’el gebring word. Op Shabbat moes daar egter twee lammers telkens geoffer word.

Hierdie daaglikse brandoffer het gedien as sondoffer vir die hele Yisra’el. Dit was יהוה se onverdiende guns van die ou verbond sodat die hele volk in die regte verhouding met God kon leef deur vertrou dat die Levietiese priesterorde as “middelaar” vir elkeen optree en elkeen se sonde sodoende bedek word.

Hierdie onverdiende guns het niemand egter vrygestel van gehoorsaamheid aan die Torah van Moses nie, asook nie van die bring van persoonlike offerandes soos deur Torah voorgeskryf word nie.

Onder die nuwe verbond is alle fisiese offerandes van die Torah van Moses deur Yeshua tot volheid gebring. Yeshua is ons Verteenwoordiger van die nuwe verbond en deur vertroue in Yeshua as die eenmalige offer kan ons ook vergifnis van ons daaglikse sonde ontvang indien ons ware berou het en deur vertroue in Vader se onverdiende guns om vergifnis vra.

Maar dit stel ons ook nie vry van gehoorsaamheid aan die Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word nie. En ook stel dit ons nie vry van die daaglikse “brandoffer” wat ons moet bring nie. Hierdie brandoffer word deur Sha’ul in Rom. 12:1-2 beskryf:

¹ My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

² en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

As priester volgens die orde van Malki-Tzedek bring ons nie net daaglik hierdie offer nie, maar is ons liggame ook die offer. Dit is om daaglik te sterf aan die eie-ek van selfisme en om ons liggame beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God! Dit is om daaglik te vra, en ons te beywer, om die vernuwing van ons denke te ondergaan sodat ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is en om dit te doen. Dit is ons logiese dienswerk as priesters!

Hierdie daaglikse brandoffers van die ou verbond is ook ‘n sinnebeeld van ons gebede, veral van ons eerste gebed aan die begin van elke dag en ons laaste gebed voor ons gaan slaap. Hierdie is ook ‘n Joodse gebruik wat elke oggend en aand ondermeer die *Sh’ma* gebed bid.

Hierdie groepsgebed is deur Hein Zentgraf verwerk om te pas by ons vertroue in Yeshua as dié Gesalfde van God. Hier volg die volledige *Sh’ma* as ‘n gebed en ook as geloofsbelydenis:

Luister, hoor en doen Yisra’el, יהוה is ons God; יהוה is een; geseënd is die naam van Sy wonderlike Koninkryk vir altyd. Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns. Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. Jy moet dit as ‘n teken bind op jou hand en dit moet as ‘n voorkopband tussen jou oë wees. Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf.

יהוה, maak U my lippe oop en my mond sal U lofprysing voortbring; in die oggend, יהוה, sal U my stem hoor; in die oggend sal ek dit aan U voorlê en wag. Weerhou my tong van boosheid en my lippe daarvan om bedrog te praat. יהוה, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, groot in afgesonderdheid, eerbiedwaardig in lofprysing, in die doen van wonderwerke? Soos U afgesonderd is, het ek my lewenswyse oordink en my voete na U pad toe gedraai; so sonder ek myself af voor U in al my lewenswyses. Skep in my ‘n rein verstand, wil en emosie, o God en hernu ‘n standvastige gees in my; dan sal ek vir die wetteloses U lewenswyses leer en sondaars sal omdraai na U toe. Oorweeg my verdrukking en bevry my, want ek vergeet nie U Torah nie. Maak my gesond, יהוה en ek sal gesond wees; red my, dan sal ek gered wees, want U is my Lofprysing. U laat u son skyn oor bese oortreders en oor goeie mense en U stuur reën

na onskuldiges en skuldiges. Wanneer ek uitroep na U, hoor U my smeekgebede en antwoord my sodat die krag van my lewe verhoog. Ek loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig; ek sal tot U offer met 'n stem van danksegging! Vader, dit is my begeerte dat die Gees wat Afgesonderd is, wat U in die Karakter en Outoriteit van Y'shua gestuur het, my al die waarhede van U Torah sal leer en ook herinner aan alles wat Y'shua gesê het. Laat die woorde van my mond en die oordenkings van my verstand, wil en emosie aanvaarbaar wees voor U Teenwoordigheid, o יהוה, my Hulp en my Loskoper!

Die bedoeling is nie dat hierdie gebed elkeen se persoonlike gebed moet vervang nie. Daarom word Hein se artikel: "Gebed" aanbeveel waarin die *Amidah* gebed ook bespreek word en waarin meer agtergrond gegee word oor die Hebreeuse denke aangaande gebed. Hierdie artikel en gebede is beskikbaar by: <http://nuwelielied.info/?p=2735>

Bepeins of Bespreek:

1. Gebed is ons enigste kommunikasie met ons Skepper-God. Terwyl Hy met ons kommunikeer deur die Skrif, drome, visioene en ander mense, kan ons net met Hom praat deur gebed. Die Christelike gebedsvorm is dikwels nie anders as die spreekwoordelike inkopielys van "ek wil hê" en "gee my"! Volgens Hebreeuse denke is gebed egter hoofsaaklik 'n tyd van selfondersoek! Ons moet ook ons denke vernuwe rondom ons gebedslewe!

Haftorah Bespreking (1Kon. 18:46 tot 19:21)

Yeshua ons Toevlug en Rots.

Die ooreenkoms tussen hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing is dat beide Pingas en Eliyahu vreesloos met יהוה se jaloesie opgetree het toe Yisra'el gesondig het deur afgodery in hulle midde toe te laat wat uiteindelik tot hulle uitwissing sou lei. Beide was bereid om alles te waag om die volk met opregte berou te laat terugkeer tot יהוה se onpartydige opregtheid!

Maar hierdie week se Haftorah leer ons egter ook dat manne en vroue wat met die ywer van 'n Pingas en 'n Eliyahu vir יהוה ywer, steeds net mense is. Nadat Eliyahu die profete van Ba'al gekonfronteer het, en יהוה op kragtige wyse bewys gelewer het dat Hy alleen die enigste ware lewende God is (1 Konings 18), vlug Eliyahu uit vrees vir die dreigemente van Isevel. In die lig van Eliyahu se voorafgaande vreeslose optrede, is dit onverstaanbaar dat hy uit vrees vir Esevel tot in die wildernis vlug!

Hyself het egter 'n dagreis ver die wildernis ingegaan en daar onder 'n jeneverbos gaan sit en gewens dat hy mag sterf en hy het gesê: "Dit is genoeg; יהוה, vat nou my lewe, want ek is nie beter as my vaders nie." 1Kon. 19:4.

'n BoodsAPPER van יהוה het egter vir Eliyahu broodkoek en water gebring om te eet. Na verdere rus en 'n tweede maaltyd, lees ons in 1Kon. 19:8 – *Hy (Eliyahu) het opgestaan, geëet en gedrink en deur die krag van daardie kos veertig dae en veertig nagte lank gereis tot by Horev, die berg van God.* Horev is die berg Sinai. As te ware het Eliyahu vir 40 dae gevas.

Wat was egter die rede vir hierdie optrede van Eliyahu?

Eliyahu het na die wildernis (woestyn), en uiteindelik na Sinai, gegaan om geestelike versterk (hernu) te word. Hy het 'gevlug' omrede hy geestelik uitgeput was. Hy was moeg en

gefrustreerd met die hardnekkige volk wat voortdurend afgewyk het van יהוה se onderrig en instruksies (die Torah). Sy bediening as profeet het hom afgemat gelaat.

Die Hebreus vir wildernis is *midbar* en is afgelei van die woord *debar* en beteken *gesels, praat, verklaar, beveel, belowe en waarsku*. Die wildernis (woestyn) is die plek waar ons Vader-God se stem die duidelikste hoor!

Yeshua as mens het ook dikwels soos Eliyahu ‘gevlug’ om Sy geestelike kragte te herwin (Matt. 14:23; Mark. 6:46; Luk. 4:1, 14; 6:12).

Volgens sommige vertalings, soos die Literal Translation of the Holy Bible (LITV) en Young’s Literal Translation (YLT), verwys 1Kon. 19:9 in Hebreus na **die** grot en nie na ‘n grot nie. Volgens sommige bronne is dit die grot (die skeur) op die berg Sinai waar Moshe יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid ervaar het (Ex. 33:12 tot 34:9).

Het Eliyahu verlang om ‘n soortgelyke ervaring as Moshe te ondervind? Soos vir Moshe het יהוה ook vir Eliyahu gesê: “Let op, hier is ‘n plek by My waar jy op die rots moet staan” (Ex. 33:21). Hierdie is ‘n sinnebeeld van Yeshua die Rots, naamlik ons toevlug! Dit is dieselfde geestelike Rots wat Yisra’el van gedrink het in die wildernis (1Kor. 10:4) en waarvan ons drink gedurende ons wildernistog in hierdie wêreld – die lewende water (Joh. 4:10-11; Joh. 7:38). Dit is op hierdie Rots wat יהוה Sy gemeente bou (Matt. 16:8).

In 1Kon. 19:9 en 13 vra יהוה vir Eliyahu: *Wat maak jy hier?* Hierop het hy telkens geantwoord:

“Ek was baie ywerig vir יהוה, die God van die leërskaar, want die seuns van Yisra’el het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard doodgemaak en ek alleen is oor en hulle soek my lewe om dit weg te vat.” 1Kon. 19:10 en 14.

Eliyahu was nie op die plek waar God dit beplan het nie, maar tog word hy geestelik versterk en daarop gewys dat daar ‘n oorblyfsel van sewe duisend van Yisra’el is wat by hom sal staan en dat Elisha sy bediening as profeet sal opvolg (1Kon. 19:18 tot 21). Eliyahu se vurige ywer het dus goeie vrugte gedra!!

Eerstens is hierdie ‘n herinnering dat diegene wat met vurige ywer, naamlik wat met die jaloesie van יהוה optree, geestelike hoogtes gaan beleef wat dikwels deur geestelike laagtes opgevolg gaan word. Vreeslose vurige ywer van ‘n Pingas en ‘n Eliyahu is dikwels geestelik en fisies uitputtend wat ‘n reaksie van “vlug in swakhede” tot gevolg het!! Maar dan word ons herinner aan ons Hoofpriester Yeshua wat medelye met al ons swakhede het!

15 want ons het nie ‘n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het.

16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in ‘n tyd van lyding. Heb. 4:15-16

Tweedens is ons vanweë ons vurige ywer vir יהוה geneig om onmiddellike resultate te wil sien. Wanneer ons dit nie sien nie, raak ons maklik moedeloos. Ons moet egter leer dat die resultaat van ons ywer vir יהוה meestal eers na ‘n lang tydsverloop sigbaar word. Ons taak is om te saai en יהוה te vertrou om ‘n goeie oes voort te bring – dit neem tyd alvorens die oes gereed is.

Bepeins of Bespreek

1. Ons is geneig om 'n mate van vrees vir geestelike leiers te hê, want ons sal baie makliker die lidmate met die waarheid konfronteer as vir die leier (dominee, pastoor). Kan ons dan daarop roem dat ons dieselfde ywer as 'n Pingas en Eliyahu het?
2. Het jy ook al soos 'n Eliyahu 'gevlug' en na die Vader gegaan om geestelik en liggaamlik weer versterk (vernuwe) te word? Laat jou bediening jou ook soms moedeloos en uitgeput? Hoe belangrik is hierdie gereelde afsondering? Is dit nie juis waarvoor die Shabbat ondermeer bedoel is nie? Lees Gal. 6:9 en 2Thess. 3:13 en Ps. 126 as bemoediging.
3. Is dit nodig om soms terug te keer na daardie plek waar jy 'n ware ontmoeting met Vader-God gehad het? Onthou: Eliyahu het teruggekeer na die plek waar יהוה se Torah aan Yisra'el gegee was en waar יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid verskyn het.
4. Het Vader-God nie ook al vir ons, soos vir Eliyahu, gevra: *Wat maak jy hier?* Dit is nodig dat ons ook na die wildernis vlug en יהוה vra om ons bediening (roeping) vir ons opnuut te bevestig!! Dit is soms nodig vir 'n 'reality check'!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.